Week 1_ Onderstebo

Inleiding:

- Dink ‘n bietjie aan ’n toespraak wat jy al gehoor het en jou getref het.
- • Kyk Ashton Kutcher se speech – wat tref jou daarvan? https://www.youtube.com/watch?v=FNXwKGZHmDc

Teks: Matteus 5:1-12 (Die Boodskap)

1Toe Jesus die groot skare mense bymekaar sien, het Hy teen die berg uitgeklim. Toe Hy gaan sit, kom sy dissipels na Hom toe. 2Hy het begin om hulle soos volg te onderrig: 3“Gelukkig is dié mense wat weet hoe nodig hulle God het, want die koninkryk van die hemele is húlle deel. 4Gelukkig is die treurendes, want God sal self hulle trane afvee. 5Gelukkig is dié wat sag van hart is, want die nuwe aarde sal hulle erfporsie wees. 6Gelukkig is dié wat honger en dors na wat voor God reg is, want Hy sal hulle hartsverlange bevredig. 7Gelukkig is dié wat met ontferming uitreik na mense in nood, want God sal Hom oor húlle ontferm. 8Gelukkig is dié wie se harte volkome op God gerig is, want hulle sal vir God sien. 9Gelukkig is die vredemakers, want God sal vir hulle sê: ‘Julle is mý kinders.’ 10Gelukkig is dié wat vervolg word ter wille van wat voor God reg is, want die koninkryk van die hemele is húlle deel. 11“Gelukkig is julle wanneer julle bespot en vervolg word en allerhande leuens oor julle versprei word omdat julle my dissipels is. 12Wees bly, ja, jubel daaroor, want God sal julle ryklik daarvoor beloon. Onthou, so het hulle die profete voor julle ook vervolg.”

Joernaal: (Skryf elke week jou gedagtes rondom die teksgedeelte en vrae in ‘n boekie of papiere wat jy bêre sodat jy kan teruggaan om dit weer te lees, dit kan ook handig wees om dit te hê wanneer die groep op Whatsapp die gedeelte bespreek).

- Is daar dalk iets wat jy nie verstaan nie?
- In Matteus 5 is Jesus besig om met ‘n klomp mense te gesels, en Hy vertel vir hulle iets groots – hoe die Koninkryk van God werk. Onthou dat die Jode het op daardie tydstip na ‘n sterk leier verlang wat hulle sou kom vrymaak van die Romeinse regering af – die Romeine het afgode aanbid; het baie belasting van mense geëis en het mense met baie geweld beheer. Die mense van Galilea was “laer-klas” Jode, want dit was ’n armer gebied en hulle was nie meer “suiwer” Jode soos die wat in

Jerusalem, naby die tempel gewoon het nie. Jesus kom vertel wel vir hulle iets anders – dat Sy manier van dinge doen anders is, eintlik omgekeerd is van wat die wêreld dink magtig, goed en reg is.

- As jy na Jesus se toespraak geluister het, sou dit vir jou ’n inspirerende boodskap of ’n teleurstelling wees?
- Wat dink julle wou Jesus hê moes die mense daar teen die berg hoor?
- Hoe laat die volgende idees oor “geluk” uit die teks jou voel? Jy is gelukkig wanneer jy:

1. Niks anders kan doen as op God staatmaak nie
2. hartseer is
3. ’n sagte hart het
4. Honger en dors na wat reg is
5. Uitreik na ander
6. Soek na wie God is
7. Vrede maak
8. Gespot word oor jy vir Jesus volg

- Skryf hierdie lysie oor in julle eie woorde vir julle eie wêreld.
- Hoe is dit anders as die wêreld waarin jy leef?
- Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?

Prakties:

Soek/teken twee prentjies-wat uitbeeld wat Jesus se idee van geluk is en wat die wêreld se idee van geluk is.

Terugvoer:

Deel teen Maandag, 4 Mei die prentjies wat jy gesoek/geteken het op die Whatsappgroep. Ons kan daar verder gesels! Onthou dat jy enige tyd gedurende die week ietsie kan sê/vra oor die Bybelstudiestukkie. Hou ‘n tydjie Maandag/Dinsdag oop dat ons so deur die loop van die twee dae kan terugvoer gee vir mekaar!